



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 9

NOVEMBER 2018

**AFRIKAANS HUISTAAL V2
NASIENRIGLYN**

PUNTE: 50

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

AFDELING A: LEESBEGRIP

1. Geen penalisering van SPEL- EN TAALFOUTE nie.
2. Die leerder se antwoorde moet volgens die instruksies by elke vraag beantwoord word.
3. Die leerder se antwoord moet 'n sinvolle antwoord in Afrikaans wees. Indien 'n ander taal in 'n antwoord gebruik word, skryf slegs die hoofletter van die taal bv. E (ENGELS)/X (XHOSA) boaan die woord neer. Druk die woord toe; indien die betekenis van die antwoord nie beïnvloed word nie, is die antwoord korrek.
4. Waar die antwoord in meer as een sin aangebied word, maar tog tot die antwoord lei, is dit korrek.
5. Indien twee of meer feite vereis word, word slegs die eerste twee of meer feite nagesien.
6. Indien die vraag EEN WOORD vra en die woord is uitgelig, (onderstreep/ tussen aanhalingstekens) word die punt toegeken.
7. WAAR (JA) of ONWAAR (NEE/VALS/NIE) ASOOK FEIT OF OPINIE
 - EERSTE DEEL KORREK en motivering verkeerd (1)
 - Eerste deel VERKEERD en motivering verkeerd (0)
 - Eerste deel verkeerd en MOTIVERING KORREK (0)
8. Indien die vraag spesifiseer dat die antwoord aangehaal moet word, moet aanhalingstekens gebruik word en die korrekte woorde aangehaal word. Geen penalisering indien die antwoord nie tussen aanhalingstekens is nie.

SAMEVATTEND

- ✓ Spel en taalfoute word nie gepeenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- ✓ Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING-vrae, word die punte verdeel: een punt vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING en 'n punt vir die rede/motivering/aanhaling.
- ✓ Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepeenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek nie.
- ✓ Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek, mits die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
- ✓ Wanneer twee of drie punte/feite vereis word en die kandidaat 'n hele reeks gee, word **slegs die eerste twee of drie feite/punte nagesien**.
- ✓ Indien die leerder woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die leerder nie gepeenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

AFDELING A: LEESBEGRIP**VRAAG 1: ARTIKEL**

NR.	ANTWOORD	PUNT	VLAK
1.1	Letterlik. ✓ Mense moet meer staan. / Mense sit te veel. ✓	(2)	3
1.2	vermy ✓	(1)	2
1.3	Mense wat nie lus voel om te stap of te draf nie, moet meer staan. ✓	(1)	3
1.4	Mense staan by die skool. / Tieners staan by sportbyeenkomste. / Tieners kan by 'n lessenaar staan en leer. (Enige TWEE) ✓✓	(2)	1
1.5	Feit. ✓ Dit is deur navorsing bewys. ✓	(2)	4
1.6	Sit-staan-lessenaars ✓	(1)	2
1.7	Stanford Universiteit/Annals of Internal Medicine	(1)	1
1.8	Dit verbeter jou gemoedstemming. / Dit verbeter jou bui. / Dit help dat jy beter voel. ✓	(1)	2
1.9	Die artikel lig mense in oor die voordele van staan. / Die artikel lig mense in oor hoe om laerugpyn te verminder. / Die artikel gee inligting oor jou gesondheid. / Die artikel gee inligting. ✓	(1)	3
	Tieners/Mense met rugprobleme ✓ (Enige sinvolle antwoord)	(1)	3
	Ek sal nou beslis begin om meer te staan. / Ek sal meer begin oefen. ✓	(1)	5
1.10	Dit is nie realisties nie, want ons loop in 'n winkel. OF Dit is realisties, want mense raak al hoe luier om te loop.	(1)	5
1.11	B / Mobiele vervoermiddels ✓	(1)	1
1.12	Jip van den Toorn ✓	(1)	1

1.13	Mense raak te lui om te loop. ✓ (Enige sinvolle antwoord of afleiding)	(1)	3
1.14	Die artikel gaan oor mense wat meer moet beweeg deur te staan of stap, ✓ terwyl die skildery mense uitbeeld wat rondry in plaas daarvan om te loop. ✓ (Beide moet genoem word anders 0)	(2)	3
1.15	Die seun klim op die skaal en weeg hopeloos te veel, wat sy pa skok. ✓	(1)	2
1.16	Hy hou sy kop vas. / Hy rek sy oë. ✓	(1)	2
1.17	Sy maag is te groot vir sy hemp. / Sy hemp is te klein. / Bolwange / Sy wange is mollig/vet. ✓ (Enige EEN)	(1)	3
1.18	Vetsug/Oorgewig ✓	(1)	3
1.19	Eie sinvolle voorstel. ✓	(1)	5
TOTAAL AFDELING A:		25	

AFDELING B: OPSOMMING (Assessee uit 10 en verwerk na 5)**VRAAG 2**

Die opsomming word TWEE KEER gelees:

- vir feite en taalfoute.
- vir onvolledige sinne.

TWEE STELLE ANTWOORDE WORD AANGEBIED

- Onderskei tussen beplanning en die finale antwoord en sien laasgenoemde na.
- Waar daar geen aanduiding van beplanning is nie, word die eerste stel nagesien.
- Beskou 'n aanbieding in potlood as beplanning.

FEITE:

- Sien eerste sewe inhoudelik na, al is die sinne in paragraafvorm.
 - Assessee net EEN feit per sin.
 - EEN punt vir elke verstaanbare feit **soos in die nasienriglyn**.
 - As die betekenis van die feit nie sinvol oorgedra word nie, word die punt nie toegeken nie. (Die aanwesigheid van die werkwoord is belangrik.)
 - Indien al die feite verkeerd is, kry die kandidaat geen punt vir taal nie, maar indien die aantal woorde korrek aangedui is, ken EEN punt toe.
 - Die hoofgedagtes hoef nie in volgorde te wees nie.
 - Regmerk die bokant elke hoofgedagte per sin word nagesien.
- Punte word soos volg toegeken vir:

- ✓ 7 punte vir 7 feite
- ✓ 3 punte vir taal

Penaliseer soos volg:

- Indien die opsomming te lank is, word daar slegs **5 ekstra woorde** toegelaat.

Die res van die opsomming word geïgnoreer.

Indien die opsomming te kort is, maar dit bevat al die vereiste inligting, word die kandidaat **nie gepenaliseer nie**.

- **Taalfoute (grammatika, spelling en punktuasie):** trek soos volg van die 3 punte wat vir taal toegeken word, af:
 - 0–4 foute: geen penalisering nie
 - 5–10 foute: trek 1 punt af
 - 11–15 foute: trek 2 punte af
 - 16 foute of meer: trek 3 punte af
- **Vir direkte aanhalings van volledige sinne** word daar soos volg gepenaliseer:
 - 1–3 volledige sinne aangehaal: geen penalisering
 - 4–5 volledige sinne aangehaal: trek 1 punt af
 - 6–7 volledige sinne aangehaal: trek 2 punte af
 - Trek 1 punt af van die totaal vir getal feite plus taalgebruik, indien die kandidaat nalaat om die getal woorde aan te dui of, indien die verkeerde getal woorde aangedui is.

LET WEL: Kandidate mag nie **afkortings** in hul opsommings gebruik nie, maar indien dit in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel.

TIPIESE TAALFOUTE

- Woordorde in enkelvoudige sin (Bv. O/werp + ww + V/werp)
- Omgekeerde woordorde
- Lydende vorm
- Infinitief
- Tyd, wyse en plek
- Ontkennende vorm
- Voornaamwoorde
- Vreemde woorde
- Telegramstyl / onvoltooide sinne

LENGTE

- Tel die aantal woorde en haal enige deel meer as 80 woorde deur.
- 1 punt vir korrekte getal woorde gebruik EN so aangedui.

NEERSKRYF VAN PUNTE

Getal feite korrek

Taal

TOTAAL

KODE PUNT

F = 7

T = 3

10 Verwerk na 5 punte

NIE VOLSINNE NIE**PENALISEER VAN TOTAAL**

2 tot 3 hoofgedagtes nie in sinne nie	-2
4 en meer hoofgedagtes nie in sinne nie	-3

VRAAG 2**Oorsake van en redes vir chroniese moegheid (maksimum woorde: 85)**

1. Jy moet minder sit en meer beweeg.
2. Swak slaappatrone, alkoholmisbruik en medikasie kan lei tot moegheid.
3. Depressie en moegheid loop hand aan hand.
4. Spanning lei tot angs en te min slaap.
5. Bloedarmoede kan veroorsaak dat die brein te min suurstof kry.
6. Jy moet genoeg water drink en pasop vir dehidrasie.
7. Die verkeerde eetgewoontes veroorsaak moegheid.

(55 woorde)

Verwerk na 5 punte [10]

TOTAAL AFDELING B (10 ÷ 2): 5

AFDELING C: TAAL IN KONTEKS

VRAAG 3

NR.	ANTWOORD	PUNT	VLAK
3.1	Daar is slegs vrouens in die prentjie/advertensie. ✓	(1)	5
3.2	Pretdraffie (spelling) ✓	(1)	1
3.3	Sa. (Indien punt ontbreek = 0) ✓	(1)	1
3.4	afrigtersgeld(e)/afrigtersfooï/afrigtershemp/afrigtersklere ✓	(1)	6
3.5	kan bywoon ✓	(1)	3
3.6	Die afkorting word met 'n selfstandige naamwoord gekoppel. / Verbinding met 'n afkorting. ✓	(1)	3
3.7	versadig ✓	(1)	2
3.8	Gholf(landgoed) ✓	(1)	3
3.9.	Twee afsonderlike klanke word nie gehoor nie. / word as een klank uitgespreek ✓	(1)	5
3.10	heeldag/ope uitnodiging ✓	(1)	3
3.11	(om te) vang ✓	(1)	3
3.12	Hulle is nie seker daarvan nie. ✓	(1)	2
3.13	Verstaan/snap/begryp ✓	(1)	3
3.14	Moenie sing nie! (NIE moet NIE) ✓	(1)	3
3.15	Die selfvoldane sanger is deur Sanna geklap . ✓	(1)	6
3.16	Meisies word nooit maklik deur geld beïndruk nie . ✓	(1)	6
3.17	Enige sinvolle sin met klap bv. Ek klap die deur toe. ✓	(1)	3
3.18	kry, is (komma ontbreek) ✓	(1)	1

3.19	Hy moet dit nie sing nie omdat hy 'n klap van my gaan kry. Hy moet dit nie sing nie aangesien hy 'n klap van my gaan kry. Hy gaan 'n klap van my kry dus moet hy dit nie sing nie. Hy gaan 'n klap van my kry gevolglik moet hy dit nie sing nie. ✓	(1)	6
3.20	Hy het Bobby se liedjie gesing en 'n vrou gevang/gekry. ✓	(1)	2
	TOTAAL AFDELING C:	20	
	GROOTTOTAAL:	50	